

**Maandag 13 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 18 en 19**

**Fokusgedeelte: 1 Samuel 18:12 (1933/53-vertaling)**

### **Die HERE is Koning!**

In ons daaglikse omgang met mekaar en die wêreld waarin ons leef, raak die gesegde van “*die mens wik, maar God beskik*” meer en meer vreemd. In die gelese teksgedeelte vanuit die boek 1 Samuel raak hierdie saak vir ons baie meer duidelik aangaande die wil van mense en die wil van God. Vroeg reeds in 1 Samuel 8:5-9 vind ons die weerbarstige wil van die mense, die volk van God. Hulle soek ’n koning!

Die Koning van die volk wat hulle tot stand gebring het, hulle verlos het uit Egipte en hulle daaglik gedra en versorg het, het nie meer plek in hulle lewe gehad nie. Die wil van God en die Wet van God was verontagsaam en van min tot geen belang meer nie. Ná talle mislukte pogings om onder die regering van ’n koning te oorleef en te groei, kom God en self sy eie koning onder die mense, Dawid (1 Sam. 16:13). Saul het teen die wil van God opgetree en die mense gevrees en só sy heilige vrees vir God verloor. Dawid, uit wie se nageslag ons Verlosser gebore sou word, is deur God verkies en aangestel vir die volk.

Ongeag van die wil van die volk, van die tyd of die mense van die dag, bly God steeds Koning, ons enigste Koning. Waar ons ook vandag so maklik opkyk na leiers en mense, kan ons heilige ontsag en vrees vir ons Koning verlore raak. Verheerlik vandag en elke dag jou Koning in die hemele en moet jou nie op mense verlaat nie.

Ons getroue Verbondsgod bly Koning vir elke geroepe kind van Hom. Soek daarom allereers die wil van God vir en in jou lewe bo die wil van jouself of ander mense. Om die wil van die Koning te doen, bring ook die seën van die Koning!

*Sing: Psalm 48-1:1, 4*

*Ds. HM Stavast (Herman) (Piet Retief)*